basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

WE SUPPORT QUALITY EDUCATION • LOVE, RESPECT AND ACCEPTANCE FOR ALL •

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2015
GRAAD 8 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
TOETS

PUNTE: 90

PUNTE	

TYD: 2 uur

PROVINSIE _____

DISTRIK _____

KRING _____

SKOOL _____

EMIS-NOMMER (9 syfers)

KLAS (bv. 8A) _____

VAN _____

NAAM _____

GESLAG (✓)

SEUN	

DOGTER	

GEBOORTEDATUM

C	C	Y	Y	M	M	D	D

Die toets bestaan uit 21 bladsye, die buiteblad uitgesluit.

Instruksies aan leerders

Die onderwyser moet die instruksies voorlees en die oefenvoorbeelde saam met die leerders doen.

1. Lees al die instruksies noukeurig deur.
2. Beantwoord al die vrae in die spasies wat voorsien is.
3. Waar daar meervoudigekeuse-vrae is, omkring slegs die letter van die korrekte antwoord.
4. Waar daar een woord gevra word, moet slegs die woord neergeskryf word.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Oefenvoorbeelde

1. Watter land verteenwoordig die Bafana Bafana-sokkerspan?

   A Australië
   B Suid-Afrika
   C Kameroen
   D Nigerië

   Jy het die vraag korrek beantwoord as jy die letter (B) omkring het.

2. Identifiseer die selfstandige naamwoord in die volgende sin.
   Die boek is interessant.

   _____

   Jy het die vraag korrek beantwoord as jy die woord “boek” op die lyntjie geskryf het.

3. Gee **twee** redes waarom jy dink dat jy hierdie skooljaar gaan geniet.

   _____

   _____

Jy moes in ’n volsin, op die lyntjies wat voorsien word, iets soortgelyk as die onderstaande antwoorde geskryf het:

Hierdie jaar gaan ek skool geniet, want my Afrikaans-onderwyser(es) is vriendelik.
Ek sal dit ook geniet, want ek gaan weer al my vriende sien.

Die vraestel begin op die volgende bladsy.

Lees die onderstaande stuk en beantwoord vrae 1-14.

Hou op rook!

Ann Smith vertel hoe sy na ses jaar kon ophou rook om sodoende haar ongebore baba te beskerm.

1. Ek het op drie-en-twintigjarige ouderdom begin rook. Ek was sorgvry, onverantwoordelik en selfsugtig.
2. Toe ontmoet ek my man. Ons is ’n jaar later getroud. Ons het veral snags soos twee skoorstene gerook.
3. Ek’t altyd geweet dat ek nie ’n rokende ma wou wees nie. Toe begin die “speentydperk”. Ek het geweet dat ek my lewe moes verander.
4. Ek was bang om op te hou rook, want ek was nie seker of ek die **wilskrag** het om dit te doen nie. Nadat ons getroud is, het ek en my man klein veranderinkies in ons manier van lewe aangebring.
5. Die eerste belangrike verandering het gekom toe my man ons na ’n ligter soort sigaret laat oorslaan het. Dit het ’n rukkie geneem om daaraan gewoond te raak. Dit het aan die begin gevoel of ons aan ‘lugstokke’ gesuig het. Ons het vinnig dieselfde bevrediging gekry.
6. Wanneer ons gaan uiteet het, het ons gewoonlik na die rokersarea gegaan. Ons het nou die rookvrye area verkies en so ons rookvrye leefstyl skielik ’n hupstoot gegee.
7. Gelukkig was rook nie aanvaarbaar in my werksomgewing nie. Ek het met hoërskoolleerders gewerk en dit was belangrik om ’n goeie voorbeeld te stel.
8. Ons het in Januarie probeer om **swanger** te raak en daarom het ek gedurende die dag nie meer gerook nie. Ek het ook nie meer in die motor gerook nie. Ek het een dag, nadat ek tuisgekom het, ’n swangerskaptoets gedoen en dit was positief. Ek kon aan geen rede gedink het om op te hou rook nie, totdat ek swanger geraak het.
9. As ek nou terugkyk, is ek bly dat ek op daardie stadium ophou rook het. Die feit dat ek my nikotienverslawing kon oorkom, het my net weer daaraan herinner dat ek in myself kan glo. Dít het my die selfvertroue gegee om enigiets aan te pak wat dalk oor my pad mag kom.

(Vertaal en aangepas uit: *Living and Loving,* Desember 2013)

Woordeskat	
speentydperk	Die proses om op te hou met ’n gewoonte.
wilskrag	Die wil om iets te doen.
swanger	Om ’n baba te verwag.

1. Wat is die doel van die tydskrifartikel?

   Om ...

   A rokers aan te moedig om op te hou rook.

   B vroue aan te moedig om te rook.

   C mense bewus te maak van die gevare van rook.

   D lesers te wys hoe maklik dit is om op te hou rook. (1)

2. Verwys na die eerste reël van die artikel.

   “Ek het op drie-en-twintigjarige ...”

   Wat is die hoofgedagte van die sin?

   Ann het …

   A rook baie geniet.

   B rook genotvol gevind omdat sy jonger was.

   C deur te rook onafhanklikheid ontwikkel en het haar identiteit gekry.

   D roekeloos en onbedagsaam gerook. (1)

3. Verwys na paragraaf 3.

   Hoekom word die woord “Ek’t” met ’n afkappingsteken geskryf?

   _____

   _____ (1)

4. Verwys na paragraaf 2.
Wat beteken die uitdrukking: “soos ’n skoorsteen gerook”?

A Rook het uit ’n skoorsteen getrek
B ’n Paar sigarette gerook
C Onnodig gerook
D ’n Klomp sigarette gerook (1)

5. Stem jy saam met die siening dat swangerskap die enigste rede is waarom vroue moet ophou rook? Skryf ’n rede vir jou antwoord neer.

_____
_____ (2)

6. Watter **twee** veranderinge het Ann en haar man gemaak om op te hou rook?

_____
_____ (2)

7. Verwys na paragraaf 5. Wat beteken die onderstaande frase in eenvoudige Afrikaans?
“… gevoel of ons aan ‘lugstokke’ suig …”

_____
_____ (2)

8. Is die volgende sin waar of onwaar? Motiveer jou antwoord deur drie opeenvolgende woorde uit paragraaf 4 aan te haal.
Ann het die selfvertroue om op te hou rook.

_____
_____ (2)

9. Wat dink jy, is die voordele vir Ann en haar man om nie te rook nie? Noem enige **twee**.

_____

_____ (2)

10. Verwys na paragraaf 6.
Wat is die figuurlike betekenis van die onderstaande frase?
"… ons rookvrye leefstyl skielik 'n hulpstoot gegee."
Ons het …

A weggebly van rookgebiede.
B aan mense gestamp wat gerook het.
C verskriklik begin rook.
D die eerste stap geneem om op te hou rook. (1)

11. Hoe voel die skrywer van die leesstuk oor rook? Gee 'n rede vir jou antwoord.

_____

_____ (2)

12. Verwys na paragraaf 3. Gee **een** rede waarom die spreker besluit het om die woord "speentydperk" in aanhalingstekens te plaas?

_____

_____ (2)

13. Gee ’n moontlike titel vir die teks in nie meer as **ses** woorde nie. Gee ’n rede vir jou keuse.

_____

_____ (2)

14. Verwys na paragrawe 5-8.

In **vyf** stappe, skryf ’n opsomming oor hoe Ann en haar man opgehou rook het.

- Som die paragrawe in **vyf** sinne op.
- Skryf elke sin in jou eie woorde oor.
- Begin elke sin in ’n nuwe reël.
- Gebruik 50-60 woorde.
- Skryf die aantal woorde wat jy gebruik het onderaan jou opsomming neer.

1. _____

_____

2. _____

_____

3. _____

_____

4. _____

_____

5. _____

_____ (10)

Aantal woorde: _____

Lees die onderstaande gedig en beantwoord vrae 15-21.

Moenie die brûe agter jou brand nie
deur Nuamah

Ek kyk na die rook wat opstyg
Uit die as soos ’n donker
Siel soekend na ’n graf.

Nikotien inaseming
Is soos swak spysvertering
Dodelike soet gif.

Vasgevang in onbreekbare damp
Jou swart hart bloei dieper.

Vir ’n ongelooflike gesonde lewe,
Moenie dwelms gebruik nie.
Dwelms maak dood.

(vrylik vertaal)

15. Wat is die stylfiguur in die titel van die gedig?

A Assonansie

B Vergelyking

C Alliterasie

D Personifikasie (1)

16. Waarmee word die "rook" vergelyk? Verwys na strofe 1.

_____
_____ (2)

17. Gee **twee** redes hoekom nikotien as "dodelike soet gif " beskryf word. Verwys na strofe 2.

_____
_____ (2)

18. Watter woord dui daarop dat die spreker verslaaf is aan nikotien? Verwys na strofe 3.

A Onbreekbaar
B Vasgevang
C Bloei
D Dieper (1)

19. Watter voorstel het die digter gemaak om ’n fantastiese gesonde lewe te ly? Verwys na strofe 4.

_____
_____ (2)

20. Waarom dink jy verwys die digter na die hart as swart en nie as rooi nie? (strofe 3)

_____

_____ (2)

21. Wat is die boodskap van die gedig?

_____

_____

(2)

22. Wat is die tema van die gedig? Gee ’n rede vir jou keuse.

_____

_____

(2)

Lees die strokiesprent en beantwoord vrae 23-32.

RAAMPIE 1 **RAAMPIE 2**



©King Features Syndicate.

Beetle Bailey

23. Lees Raampie 1.
Het Sam regtig ophou rook? Gee 'n rede vir jou antwoord.

_____

_____ (2)

24. Maak die spelfout in Raampie 2 reg. Skryf slegs die woord wat verkeerd gespel is, korrek oor.

_____ (1)

25. Lees weer Raampie 1: "Ek het gedink jy het ophou rook."

Skryf die onderstreepte sinsdeel oor in die teenwoordige tyd.

_____ (1)

26. Verwys na Raampie 2.

Beetle Bailey staar na die _____ rook in die kombuis.

A konsentrasie
B groep
C wolk
D versameling (1)

27. Die roker se planne het in ’n rookwolk verdwyn.

Wat beteken die woorde: “in ’n rookwolk verdwyn”?

A Misluk
B Uitgebrand
C Doodgegaan
D Verstik (1)

28. Skryf die volgende sin oor in die indirekte rede:

Hy het gesê: "Ek dink ek kan ophou rook."

Begin so: Hy het gesê dat …

_____

_____ (2)

29. Watter tipe werk doen die tweede spreker? Waaruit lei jy dit af?

_____

_____ (2)

30. Wat is vreemd aan die tweede spreker se optrede terwyl hy sy werk doen?

Noem **twee** dinge.

_____

_____

(2)

31. Hoe het Beetle se gevoel verander van Raampie 1 na Raampie 2?

_____

_____ (2)

32. Vul die korrekte antwoord in.

Hy skud die as _____ die pot af. (1)

Lees die gegewe teks en beantwoord vraag 33-42

Spaar ’n Sigaretjie, Red ’n Lewe

Dis ’n feit dat **90%** rokers al voor die ouderdom van 21 begin rook het. (**Elkedag/Elke dag**) is daar byna 3 900 persone onder 18 jaar oud wat hul eerste sigaret probeer het. Meer as 950 van hulle sal gewoonte-rokers word. Omtrent die helfte van **10’ers** wat sal aanhou rook gaan vroeg aan ’n **rookverwante** siekte **(gesterf/sterf/dood/gedood)**. Tienerrokers is meer geneig om angsaanvalle, angsversteurings en depressie te kry. Een uit elke vyf 10’ers wat verslaaf aan rook geraak ____, rook 13 tot 15 keer per dag. **Ongelukkig** vir hierdie 10’ers word die vel, as gevolg van rook, baie gouer oud. **Boonop sal hulle longe ook nie ten volle ontwikkel nie**. Dit plaas hulle **(op/in/vir/met)** ’n hoër risikobaan om longsiektes te ontwikkel. So as jy weer mense _____ wat rook, vertel aan hulle die feite van die lewe!

Bron: Onbekend

33. Verwys na reël 1.

Skryf **‘’90%’’** in woorde uit.

_____ (1)

34. Verwys na reël 1.

Kies die korrekte antwoord in die onderstaande sin.

(Elkedag/Elke dag) probeer ongeveer 3 900 persone onder 18 jaar hulle eerste sigaret rook.

_____ (1)

35. Verwys na reël 3. Skryf die woord "10'ers" voluit neer.

_____ (1)

36. Verwys na reël 4.

Omtrent die helfde van 10'ers wat rook, sal aan 'n rookverwaante siekte ...

A gesterf.
B sterf.
C dood.
D gedood. (1)

37. Verwys na reël 4.

Wat noem ons die skryfteken in die woord "10'ers"?

A Aandagstreep.
B Aanhalingsteken.
C Afkappingsteken.
D Dubbelpunt. (1)

38. Verwys na reël 6.

Voltooi die onderstaande sin deur die korrekte werkwoord te kies.

Een uit elke vyf 10'ers wat verslaaf aan rook geraak ____, rook 13-15 keer per dag.

A het
B is
C sal
D was (1)

39. Verbind die volgende twee sinne met die voegwoord "sowel as".

Rook kan longsiektes veroorsaak.
Rook kan angsaanvalle veroorsaak.

_____
_____ (1)

40. Skryf die volgende sin oor in die lydende vorm.

Depressie en angs kan deur rook veroorsaak word.

Begin so: Rook …

_____
_____ (1)

41. Verwys na reëls 8-9. Vul die gepaste voorsetsel in.

Dit plaas hulle ____ ’n hoër risikobaan om longsiektes te ontwikkel.

A met

B van

C in

D vir (1)

42. Skryf die volgende sin oor in die toekomende tyd.

Patrick deel met hulle die feite van die lewe.

_____

_____ (1)

43. Skryf ’n dialoog oor **een** van die onderwerpe:Skryf die nommer van jou keuse neer.

- Die lengte van jou dialoog moet tussen 100 en 200 woorde wees.
- Beplan jou dialoog in die spasie wat voorsien is.
- Skenk aandag aan formaat en sinskonstruksie.
- Proeflees en redigeer jou dialoog.
- Skryf jou finale skryfstuk in die spasie wat voorsien is.

- Jou dialoog sal volgens die volgende kriteria nagesien word.
  - Beplanning en redigering
  - Ontwikkeling van inhoud, samehang, oorpronklikheid, styl en formaat.
  - Taal en register, taalstrukture en konvensies, woordkeuse, punktuasie en spelling

43.1 Jy het onlangs daarvan bewus geword dat jou maat baie tyd saam met 'n klomp rokers na skool spandeer. Skryf die dialoog van 120-140 woorde wat tussen julle plaasgevind het. Deel met hom/haar die nadele en gevare van rook. (20)

OF

43.2 Jou ma het 'n pakkie sigarette in jou skooltas ontdek en het jou daaroor uitgevra. Skryf die dialoog wat tussen julle plaasgevind het in 120-140 woorde neer. (20)

BEPLANNING

FINALE DIALOOG

(20)

	Kriteria	**Leerder punte**	**Totaal**
1.	Beplanning en redigering		**5**
2.	Ontwikkeling van inhoud, samehang, oorpronklikheid, styl en formaat.		**10**
3.	Taal en register Taalstrukture en konvensies, woordkeuse, punktuasie en spelling		**5**
	Totaal		**20**

GROOTTOTAAL: 90